

# SAWA Oos-Kaap



## Liewe Sawanante

En so is ons weer in die winter seisoen. Dit gebeur mos dat die meeste sawanante hul woonwaens ook onder die kombes toemaak. Hoop dat meer die jaar die winterkampe gaan bywoon.

Gelukkige moedersdag aan al ons besondere mammas!!!



Hier is die nodige informasie vir ons volgende 2 kampe:

### **Jeffreys Baai: 18 – 20 Mei:**



Die tariewe is af volg: R 202.50 vir 4 mense en R 168.75 vir 2 pensioenarisse. Ekstra R 31.50 pp per nag vir die 5de persoon.

Die Sondag beplan Liana dat ons die NG gemeente in De Gama Weg se erediens bywoon. Dit begin 09:45. Let daarop dat dit nie nodig is om jou kerkpak en hoed in te pak vir die diens nie. Soos gewoonte gaan ons sommer

in kamp/gemaklike klere soos ons maar by die tent bywoon.

Aangesien die laaste paar kampe maar bedrywig was en Jeffreys Baai so baie het om te doen gaan dit sommer net 'n rustige winterson kamp wees.

### **Nieshoutkloof: 16 – 18 Junie:**



Net so na die Junie eksamen se stress verby is is daar 'n heerlike kamp by "die wortel". Tariewe is as volg: R 175.00 per nag per gesin van 2 – 4 en R 100.00 vir enkel lopende persone. Met hul heerlike lapa en kuier plek is dit altyd 'n wenner om daar te gaan rus. Meer besonderhede sal nader aan die tyd deurgegee word.

### **Wintertoer:**



Tjaart Snyman het reeds bevestig dat die name en betalings afgehandel is en alle reëlings in plek.

### **Baie belangrik vir al ons huidige en toekomstige besprekings:**

Ons kort asseblief die nodige getalle om met die oorde te reël. Die oorde het gevra dat ons die oortollige staanplekke aan hulle bevestig sodat hulle dit kan uitboek vir buite persone. Indien 'n lid bevestig dat hy/sy kom en nie opdaag nie, sal hy/sy nog steeds die oord-kostes moet dra.

### **Noodhulp tydens saamtrekke:**

Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid. Ons vra dat mense na vore sal kom wat noodhulp het. Sê asb. Vrydagaand by Boekevat of u opgelei is en vir ons kan help gedurende die naweek. Dan weet die lede waar hulle kan gaan vir hulp indien daar 'n krisis oor die naweek is. Ons het 'n goeie noodhulpsak aangekoop vir gebruik. Dit is by die kampeiers van die naweek beskikbaar.

### **Wapad en Webwerf:**

Stuur asbseblief nuus/foto's vir Clarise Steenkamp vir die Wapad en Webwerf en kyk gerus na Facebook vir nuwe inligting.

Epos: clarise.steenkamp@gmail.com

Baie van ons kinders ontvang die tyd van die jaar groot pryse en erkenning op baie gebiede, stuur asseblief sodat ons almal jul trots kan deel!

Die Wapad word per e-pos gestuur, maar as lede nog 'n harde kopie wil ontvang, laat weet asseblief vir Clarise of jou bestuurslid.

### **Ledegeld:**

U moet groot asseblief u ledegeld betyds in Nationaal se bankrekening inbetaal. Kyk watter maand u aangesluit het en handel dit dan af. Aansluiting en eerstejaar se ledegeld moet kontant betaal word. Kontak asb. die betrokke kampeiers in die verband. Debietorders sal eers van jaar twee af in werking tree en ons moedig dit graag aan. Dit vergemaklik die taak baie en u het nie weer probleme nie. Eenmalige aansluitingsfooie van R120 is betaalbaar.

Ledegeld word vanaf 1 Desember 2017 verhoog met R10.

Lede jonger as 60 jaar: Kontant of EFT R350 en Debietorder R340

Seniorburgers: Kontant of EFT R340 en Debietorder R330

Debietorders is R10 minder by elke groep.

### **Bedryfsfonds:**

Die bedryfsfonds vir die nuwe jaar is nou ook betaalbaar. Dit is slegs R150 per jaar en vir Senior Burgers R120 per jaar. Dit sal waardeer word indien u dit binne drie maande na u aansluitings maand kan inbetaal in Oos Kaap se rekening of by die kampeiers.

### **SAWA Kentekens:**

Indien u belangstel in 'n nuwe kenteken vir u woonwa, kan u by Richard een aankoop. Dit is egter baie belangrik dat wanneer u, u woonwa verkoop, moet

u asseblief die SAWA kenteken en snor afhaal.

**Groete,**

**SAWA Oos Kaap Bestuur.**